Dopfirma wat goud soek is terug

Hulle het 'n aansoek gebring, toe onttrek en nou het die dopmaatskappy Cienth, 'n nuwe aansoek geloods om goud te kom speur op in die Napier-omgewing.

Die terrein wat die firma wil prospekteer is dieselfde as voorheen en beslaan sowat 4 000 ha landbougrond sowel as raar renosterveld. Dit blyk dat die terrein van die skool en weeshuis op Hansieskloof, een van die plase wat geraak word, egter wel dié slag uitgesluit is van die aansoek.

Cienth het 'n nuwe geologiese konsultant aangestel – die firma Minrom. Dié se uitvoerende hoof Oscar van Antwerpen het verlede jaar "toevallig" die plaas Hansiesrivier besoek op 'n geologiese ekspedisie, het aan die lig gekom. Cienth en Minrom het ontken dat laasgenoemde wesenlik die meesterbrein is wat agter die goudspeur-ekspedisie op die Napierplase sit.

'n Aantal plaaslike verteenwoordigers het vroeër vandeesweek kans gekry om Cienth en Minrom te pols oor die aansoek ná die Kaap Agulhas Munisipaliteit 'n ontmoeting belê het met die goudsoekers.

Onder-burgemeester Raymond Ross en munisipale bestuurder Eben Phillips van KAM was daar. Die teenwoordige het meestal instansies verteenwoordig, soos Agri Wes-Kaap en Napier se landbouvereniging, en renosterveld-kenner en -beskermer Odette Curtis-Scott was ook daar. Slegs een van die boere wat deur die aansoek geraak word, AJ Scheublé, was aanwesig.

Cienth is by die vergadering verteenwoordig deur Rosy Mvala, 'n 29-jarige vrou wat eers op 26 April vanjaar as direkteur van Cienth geregistreer is. Sy is ook die enigste direkteur. Nietemin het Mvala gesê Cienth het "verskeie beleggers" – sy wou hulle nie identifiseer nie – en dat die firma ook verskeie ander prospektering-aansoeke gebring het elders in die Wes-Kaap, omdat die provinsie se mineraalpotensiaal "nog nie behoorlik verken is nie".

Van Antwerpen het die teenwoordiges om die tafel verseker: "Prospektering sál plaasvind. Dit is die realiteit."

'n Aanbieding is gedoen oor die redes wat die aansoek dan sou motiveer deur Minrom- geoloog Elmar Human. Hy het ook verduidelik hoe die prospekteringproses sal ontvou.

Die eerste twee fases behels nie grondversteuring nie. Indien dié speurwerk dui op genoegsame spoorelemente, sal 'n derde fase volg. Dié sal wel behels dat 10 tot 20 gate geboor word om grondmonsters te neem om die potensiaal vir ontginning te bepaal. As lewensvatbaarheid bepaal word, moet 'n omgewingsimpakstudie die aansoek om 'n lisensie vir eksplorasie voorafgaan.

Mathabo le Roux